

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

**Tema: "Om buite te staan en Buitestaanders"**

### Skriflesing: Markus 7:24-30 (1953)

<sup>24</sup> EN Hy het opgestaan en daarvandaan na die gebied van Tirus en Sidon vertrek. En toe Hy in die huis gegaan het, wou Hy nie dat iemand dit sou weet nie; maar Hy kon nie verberge bly nie.

<sup>25</sup> Want 'n vrou wie se dogtertjie 'n onreine gees gehad het, het van Hom gehoor en gekom en voor sy voete neergeval.

<sup>26</sup> En sy was 'n Griekse vrou, 'n Siro-Feniciëse van geboorte, en sy het Hom gevra om die duiwel uit haar dogter uit te dryf.

<sup>27</sup> Maar Jesus sê vir haar: Laat eers die kinders versadig word; want dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en vir die hondjies te gooi nie.

<sup>28</sup> En sy antwoord en sê vir Hom: Ja, Here, maar die hondjies eet darem onder die tafel van die kinders se krummels.

<sup>29</sup> En Hy sê vir haar: Ter wille van hierdie woord kan jy gaan; die duiwel het uit jou dogter uitgevaar.

<sup>30</sup> En toe sy huis toe gaan, vind sy dat die duiwel uitgevaar het en dat haar dogter op die bed lê.

### Broodjies vir die pad

*Wat raak jou hart?*

Jean-Luc Nancy's Corpus and his many other works have produced wide and deep response, including the last book completed by Jacques Derrida, *On Touching--Jean-Luc Nancy*. Derrida begins his work, in which he reviews major Western writers on the topic of "touching," with this pronouncement, "Jean-Luc Nancy, the greatest thinker about touch of all times...." (p.4) Derrida's inquiries inspired by Nancy's work go in all directions, including an inspiring section about Jesus. Derrida, the non-practicing Jew, writes, "....all the Gospels present the Christic body not only as a body of light and revelation, but, in a hardly less essential way, as a body touching as much as touched, as flesh that is touched-touching." (pp 99-100) Derrida's (and Nancy's) larger discussion of "touch" explores this human experience which, at the edge, at the limit of physical touch, another sense of touch begins. It is known when we say that we have been deeply "touched" by some one's kindness or generosity, for example. After listing many of the ways Jesus touched others and was touched, in both senses, including the incident in our gospel this day, he writes, "Not only is Jesus touching, being the Toucher, he is also the Touched one, and

not only first in the sense that we have just identified (that is, touched in his heart by heartfelt, merciful compassion): he is there as well for the touching; he can and must be touched.) (p. 101)

The deaf man is intimately "touched" by Jesus and is healed; the daughter of the (non-Jewish) woman never meets Jesus but is "touched" by his blessed and glorious healing because of the intervention by her mother who "touched" Jesus with her pleading!

Those who have been "touched" by Jesus and have known personally and firsthand the healing for themselves that comes from his "touch" want to eagerly "touch" others and relieve their oppression. That is where God reliably appears, where the blind see, the starving eat, the bent over stand upright, and other real needs are actually given tangible (another sense of "touch") relief.

<http://sacraconversazione.blogspot.co.za/2009/08/proper-18-year-b.html>



*Iets oor die oudste verhaal in die geskiedenis...*

### Gilgamesh

*Gert Rautenbach*

Daar is 'n storie van 'n koning wat die wêreld geplunder en gode gespot het, maar in die proses die enigste belangrike ding in sy lewe, nl. sy vriend, verloor het. Hierdie dood het sy lewe verander en die res daarvan het hy gewy aan die soeke na ontsterflikheid. Eers as 'n ou man, met sy krag en jare uitgewoed, het hy die kans gekry om dit te verdien, en gefaal.

Die koning was Gilgamesh en dié manjifieke storie is, hoe ongelooflik ookal om te glo, die oudste van alle (behoue) verhale: dis reeds daar wanneer die gordyn lig oor die geskrewe wêreldbeskawing, tussen die Tigris en die Eufraat, 4000 jare gelede.

Mite... storie... godsdienste... letterkunde... geskiedenis? Ja, alles. Maar ook die eerste weerligstraal wat in 'n bottel gevang is en vir die mensdom behoue gebly het.

In die jare tussen 1800BC – 1200BC word Gilgamesh/Bilgames in verskillende stories genoem wat later saamgeweef is in die eerste lang epos van rondom 3000 reëls wat vandag die "*Epos van Gilgamesh*" genoem word.

Die antieke wêreld het die "standaardvorm" van die latere Gilgamesh-verhaal toegeskryf aan 'n man genaamd Sin-liqe-unninni, en alle studente wat leer skryf het was verplig om dit uit te skryf totdat hulle blou in die gesig was. Maar danksy hierdie breinlose, repeterende werk is dit die oudste van alle eposse wat gerekonstrueer kon word.

Die 3000 reëls is omtrent vier keer die lengte van *Raka* deur NP van Wyk Louw. Studente het dit geskryf op elf groot kleitablette en vandag word elke tablet as een hoofstuk beskou. Altesame 73 gedeeltelike tablette bestaan vandag nog wat dele van dieselfde verhaal vertel, maar in

verskillende tale en wat uit verskillende eeue dateer. Daaruit kon alles behalwe omtrent 600 reëls van die epos gerekonstrueer word. [Die jag na hierdie verlore Gilgamesh-reëls is 'n aktiewe ondersoekveld.]

Van hierdie tablette was die grootste vonds 35 stukke wat in een antieke opgraving in die dorp Nineveh in Irak in die 1850's ontdek is en na Engeland verskeep is (waar dit vandag nog is). Teen 1870 is dit vir die eerste keer vertaal.

Dit was so 'n groot sensasie dat die eerste minister van Brittanje, Gladstone, ontbied is om na die eerste vertaalde voorlesing daarvan te luister. Vir baie jare was die groot nuus dat dit die storie van 'n Groot Vloed en Ark, baie soortgelyk aan die een wat later in die Boek Genesis sou verskyn, bevat het.

Maar Gilgamesh is baie meer as dit: dis nie 'n epos van gode en mites en die oorsprong van dinge nie, maar van menswees en die vrees vir die dood, so duidelik dat my hare rys.

[...]

*Bron: The Epic of Gilgamesh, Penguin Classics (1999). Vertaal deur Andrew George.*

<http://versindaba.co.za/tag/gilgamesh/>

## Brood vir die pad

### Poësie is één met dié stilte

*Adam Small*

In die wagkamer by 'n dokter kom 'n bejaarde vrou wat, soos ek, vir raad daar is, by my verbygestap. In die verbygaan praat sy in my rigting. "Dis moeilik om oud te word", sê sy, en klink ietwat wanhopig.

Ek het haar goed verstaan. Dog, het ek gedink, miskien kom oudword makliker indien dit gepaard gaan met mooi herinnering.

Die Grand Canyon in die woestynland van Arizona in Amerika is vir my so 'n herinnering: 'n asemnemende aanskoulikheid, onbeskryflik in woorde. En tog is dit alles bloot gronderosie, bewerk deur die magtige Coloradorivier, oor eeue heen.

"Grand Canyon" val beter op my oor as "Groot Ravyn" (wat miskien meer korrekte Afrikaans is). Daar's ander canyons ook in daardie geweste, geeneen egter so oorrampelend skouspelagtig as die Grand Canyon nie.

Ek was bevoorreg om die Canyon twee keer in my lewe te sien (en ek glo nie die geleentheid sal my weer toeval nie).

En tog: Ek onthou die (seker verveelde) toeris wat, afwysend, hardop gewonder het of "this heap of rocks" die besienswaardigheid is waarvoor sy so 'n ver ent gekom het! Hoe geslote van siel kan ons soms wees...

G'n statistiek kan, glo ek, die ervaring van die Canyon na wense "dra" nie. Dit help egter om 'n indruk van die enormiteit van die verskynsel by jou te laat. Die rotse hier is miljoene jare gelede gevorm. Die formasies verstom van voorkoms: Sommiges, soos foto's wys, lyk soos katedrale, so groot en groter as die Notre Dame.

Die rotse is natuurlik nie die enigste lewenswerklikheid daar nie. Daar's sóveel diere- en plantelewe. Onder die plante is daar 'n veelvuldigheid wat wyd van mekaar verskil,

van woestynkaktusse tot fyn papawers; en wat diere betref, 'n menigvuldigheid, van bergleeus tot bewers.

En daar's die mense. Bronne noem die "wit" bevolking sonder meer. Maar daar's ook die inheemse mense, integraal deel van die fabriek van dié landskap. Ek het op 'n keer – op die "flash flood"-oppervlak van Canyon De Chelley – van die Navajo's teëgekom. (Ek vertaal "flash flood" maar as "blitsvloed".)

Dit was, so sonder kommunikasie, 'n vreemde, bykans spokige ontmoeting. Teen die muur van die kamer waar ek skryf, is daar 'n eenvoudige tekening wat ek in daardie tyd bekom het, van 'n mooi jong Navajo-meisie, haar oë vol skuheid. Ek noem haar my Amerikaanse kind!

Wat die Rivier betref: Dit vloei 2 400 km ver, en verskeie kleiner riviere sluit by sy gang deur die VSA en Mexiko aan, alles saam 'n magtige stroom.

Oor die eeue was daar water en wind en weer, totdat vandag die Canyon bestaan: 'n magtige skeur in die aarde, breed en diep. Dit herinner aan die skepping, soos in die Bybel en elders beskryf. Dis 'n enigmatiese wêreld. Deel van die woestyn lê ver benede seevlak, en oral is daar snelstrome en watervalle.

Iets anders: Die omgewing is opvoedkundig ook ryk. 'n Mens dink aan die Universiteit van Colorado, of die Universiteit van Denver.

Ons kan eindeloos oor hierdie wêreld praat. In my herinnering lê ook die ervaring van eensaamheid – soos wanneer jy op 'n middag daar kom tyd deurbring. Ek onthou byvoorbeeld hoe, ver en hoog oor die Canyon, 'n straalvliegtuig sou verbygaan, sonder dat dit gehoor kon word! Selfs duiwe se in- en uitgefladder by skeure in die rotswande was 'n skouspel.

My één spyt is dat Rosalie nie saam met my by die Canyon kon wees nie. Maar dan weer sou my aanvoeling van daardie eensaamheid minder gewees het...

Ek sluit af op 'n selfsugtige (?) noot, en noem die aande teen sonsak wanneer ek en my Amerikaanse reisgenoot op die "rim" (die rand) van die Canyon gaan stap of daar gaan sit het. Dís die tyd van die dag dat sulke werklikheid ten beste tot 'n digter spreek.

Vir 'n lang uur of meer sou ons dan daar sit en staar, út oor die rotse, wat dan regtig van gedaante verwissel en betowerd geraak het!

Soos die laaste lig van die dag oor hulle val, weerkaats die rotse allerlei kleur – geel, pers, skakeringe van blou en groen – 'n geheel en al verbysterende skouspel wat jou tot stilte dwing. Dis, om woorde by H. Marsman te leen, asof "die graan van die lewe omgestook word tot die jenerewer van die poësie".

En die poësie was één met die oorweldigende stilte van die woestyn óm jou, waarin jy die spreekwoordelike speld kon hoor val, en jy geweet het jy was net 'n armlengte van God af...

■ Prof. Small is 'n digter.

<http://www.netwerk24.com/stemme/menings/2015-08-29-adam-small-poësie-is-n-met-di-stilte>